Teksgedeelte: Jesaja 52:13-53:12

Teksvers: Jesaja 53:1

Tema: Christus se verlossingswerk: vir die wêreld ongelooflik, maar vir ons gelooflik!

Wat gaan jy vandag alles doen? Of altans, waaroor gaan vandag vir jou? Baie van ons is só bly dat vandag `n vakansiedag is, dat ons heeltemal die betekenis van vandag vergeet. Ons word só oorval deur die boodskap van sjokolade-eiers en hasies dat ons vergeet waaroor paasfees werklik gaan.

Aan die eenkant is dit dalk skokkend, maar tog ook nie. Sien, vir die mensdom is die gedagte van `n God wat in `n persoonlike verhouding met jou staan net só geloofwaardig as `n haas wat eiers bring. Dit klink soos onsin in die wêreld se ore om te dink dat daar `n God is wat sy plek as God sal opoffer om die mense, wat sy plek wil inneem, te bevry van hierdie drang om god te speel. Tog is die dwaasheid van die mensdom die wysheid van die uur waarin die dienaar van God, Jesus Christus, gekruisig word.

Hoor hoe word hierdie menslike dwaasheid en Goddelike wysheid beskryf in Jesaja. Jesaja tree as `n profeet op en hy moet aan die volk bekend maak wat die Here se plan is met sy volk. Toe Jesaja hierdie boodskap aan die volk gebring het, was die volk in ballingskap en deur hierdie woorde wil die Here die volk troos. Die volk was in ballingskap weens hulle ongehoorsaamheid en God maak aan hulle bekend hoe hierdie ballingskap tot `n einde gaan kom. God gaan hulle nie net uit die fisiese ballingskap red nie, maar uit die geestelike ballingskap waarin hulle vasgevang is! Hy gaan hulle verlos van die ewige dood wat hulle bedreig – die straf wat hulle gehad het weens Adam en Eva se ongehoorsaamheid.

Om dit vir die volk – en selfs vir ons vandag nog – duidelik te maak, maak God in hierdie gedeelte vir ons twee dinge bekend. Eerstens wys Hy vir ons wat die hart van sonde is en tweedens wat die hart van die verlossing is.

Reeds vroeg in die boek Jesaja begin God om aan ons die hart van die sonde bekend te maak en wanneer ons na hierdie paar verse luister, dan hoor ons dit ook. God begin hierdie gedeelte deur te sê wie God se Kneg of Dienaar is. Hiermee wys God nie na `n mens nie, maar na die Mens – Hy wys ons na Jesus Christus wat God se koninkryk aan die wêreld moes kom bekend maak.

Maar God leer ons verder deur hierdie gedeelte dat ons Hom verag het. Hy was deur mense verag en verstoot, Iemand vir wie ons ons gesigte weggedraai het. En as ons nie wil erken dat God ook hier met ons praat nie, kan ons maar gaan luister wat ons in Johannes 1:10-11 leer, naamlik dat Christus na hierdie wêreld toe gekom het en dat ons, sy eiendom, Hom nie wou aanneem nie.

Of wat van Romeine 2:1 wat ons duidelik leer dat daar geen verontskuldiging vir enige mens is. Wanneer ons hierdie dinge in gedagte hou, wanneer ons daaraan dink dat ons Hom nie wil erken nie, dat ons Hom verag en verstoot het en dat Wie Hy is aanstoot vir mense gee, kom ons by die hart van die sonde uit. Die mens wil God se plek inneem en ons wil self god speel. Juis hier kry ons met die hart van sonde te doen – hier waar ek en jy God se plek wou inneem. Waar ons wou heerser speel oor ons eie lewens.

Die Here maak dit duidelik in hierdie gedeelte van Jesaja – daar is nie een mens wat op eie stoom gered kan word nie. Juis om hierdie rede dat God in hierdie gedeelte vir ons die hart van verlossing kom bekend maak. Ons hoor dit wanneer ons hoor dat Christus ons sondes op Hom kom neem het. Ons hoor dit wanneer ons hoor dat Christus vir ons oortredinge deurboor is, ja, ons hoor dit wanneer ons hoor dat die straf wat vir ons vrede moes bring op Hom neergekom het. Die hart van verlossing hoor ons daarin dat God kom en die mens se plek inneem. Dit is net wanneer God die mens se plek kom inneem, wat dit vergewe kan word dat die mens God se plek wou inneem!

Christus moes kom en soos `n lam na die slagplek toe gelei word, Hy moes soos `n skaap geskeer word, sodat die Lam van God ons goeie Herder kon wees! Hy moes vir ons die deur na die Vader oopmaak, deurdat Hy sy oë op aarde aan die kruis sou toemaak. Hy moes verbrysel word, sodat ons `n verheerlikde liggaam eendag mag kry.

En in die middel van hierdie gedeelte word die vraag gevra: “Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien?” Ja, Christus het nie gekom soos `n boom wat langs `n waterstroom geplant is nie, maar soos `n plant wat in droë grond wortel skiet. Hy het in `n onvrugbare, droë wêreld Mens en Verlosser kom word, sodat Hy aan ons stromende lewende water kon bied.

En ondanks dit bly hierdie vraag staan: “Wie sal ons glo as ons hiervan vertel?”, want die wêreld glo nie! Vir die wêreld is die gedagte van `n haas wat sjokolade eiers bring meer aanvaarbaar en geloofwaardig as die boodskap van die gekruisigde, opgestane God wat die mens se plek kom inneem, sodat die mens se strewe na God se plek vergewe kan word.

Glo jy hierin? Glo jy werklik in die gekruisigde, maar ook opgestane Here wat in jou plek kom sterf het, sodat jy weer kan lewe? `n Gelooflike waarheid vir elke kind van God! Jou Here het vir jou tot sonde geword. Hy het vir jou gesterf, sodat jy kan leef! Gaan lewe hierdie waarheid in `n wêreld wat dit ongelooflik vind!